# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 28e Uitgawe 15 November 2013

saam met Koersvas 28

**Om "net kerk" te wees.**

Te midde van verwoede aktiwiteite weerskante van die Staat van Belydenis lyn, is dit verstommend om te sien hoeveel lidmate se optrede deur 'n toeskouersmentaliteit gekenmerk word. Reeds lank voor 2010 was dit vir baie ingeligde lidmate duidelik dat daar 'n vrysinnige aanslag op die NHKA is. Vergaderings is gehou, protes is aangeteken, studiestukke is aangevra en opgestel. Alles is deur die groep in die stryd gewerp om die Bybels-Reformatoriese teologie te behou. 'n Groot groep lidmate het lont geruik, maar 'n wag-en-sien houding ingeneem. Hierdie houding het 'n skans bygekry; "Kom ons wag en kyk eers wat gaan die hofsaak oplewer". Ander was so onbetrokke of gemesmeriseer dat hulle die aanslag nie kon of wou raaksien nie. Die oorwinning wat die Bevrydingsteologie behaal het met die aanvaarding van 54/69 het almal met 'n skok laat besef dat die stryd toegespits moes word. Die stille verdediging teen die vrysinnigheid het verander in 'n openlike stryd. Die magshebbers ten gunste van die vrysinnige Bevrydingsteologie met sy oppervlakkige moralisme, was met afgryse vervul oor die weerstand en hulle het met vervolging van behoudende lidmate begin. Behoudende lidmate het nie bes gegee nie en die veldslae het selfs oorgespoel na die openbare ruimte. Die bekgevegte het dikwels fel gewoed. Die Pasifiste het met skok en afgryse teruggedeins; "Nee, so hoort dit tog nie in die kerk te gaan nie." Baie gou het hierdie lidmate en ampsdraers hulself verwyder van die gevegte en tipies volstruisgewys die olifant in die sitkamer begin ignoreer. "Los ons uit, ons wil net kerk wees." Hierdie houding moet ondersoek word. Dalk is dit die regte benadering tot die hele onverkwiklike situasie.

Wat beteken "net kerk wees"? Watter ekklesiologie (leer oor die kerk) word deur hierdie benadering ondersteun? Op watter aspek van die kerk fokus hierdie benadering? Wat is hierdie benadering se verstaan van die verlede, met ander woorde; bedoel die mense dat hulle net "kerk wil wees" soos in die verlede, of soos die nuwe verwagtinge is, of soos die nuwe mode mens lei, of is dit maar gebou op gevoel?

Om net "kerk te wees" beteken dat daar eers 'n klomp dinkwerk gedoen moet word om effektief "net kerk" te kan wees. Die eie verstaan van kerk moet aangevul word met die inkleur van hoe hierdie verstaan uitgeleef word. Dit beteken dat die mense wat die stryd vermy en stel dat hulle "net kerk" wil wees, 'n ondeurdagte posisie inneem wat hulle uitlewer aan die winde van vrysinnigheid. Om onnadenkend aan te gaan soos ouma en oupa my geleer het en *soos ons nuwe liewe domineetjie doen*, is roekelose dobbel met die kern van eie saligheid. Die tradisie is soms uitstekend, maar gemeng met uitstekende vrysinnigheid, word dit die dood in die pot.

"Los ons uit, ons wil net kerk wees" is 'n houding wat gemeentes en lidmate op verskeie maniere uitlewer aan die wispelturige vrysinnigheid. Die streng plattelandse gemeente mag miskien waan dat niks verander het nie todat hulle die tree terug neem en na hulself kyk. 'n Liturgiese orde wat by 'n vorige AKV vir spesiale geleenthede goedgekeur is, word algemene praktyk. Die gebruik om nie meer die Wet en die Geloofsbelydenis voor te lees nie, maar tydens die "**gebed en liedere**" gedeeltelik in ag te neem, is nie meer uitsondering nie, maar aanvaarde handeling in die erediens. Daar is nou gemeentes wat selde of nooit meer aan hierdie saak van Wet en Belydenis in die liturgie aandag gee nie.

"Net kerk wees" het met ander woorde verander, al het die dominee gestel dat die gemeente hulle nie aan die AKV gaan steur nie, maar rustig sal aangaan soos altyd. *Die nuwe jong domineetjie is so vol ywer en so dierbaar en nederig. Net Sondag was die kern van sy preek dat Jesus gekom het om te veg vir die armes*. Nie meer genade vir sondaars nie, maar Che Guevara vir die armes, onse Jesus op die platteland. "Net kerk wees" het verander, telkens na die voorskrifte en giere van die "enjinkamer" in Pretoria. Gemeentes wil nie deel wees van die stryd teen vrysinnige Bevrydings-teologie nie, maar juig saam met die skares vir die nuwe Jesus Vryheidsvegter. Vergete is Jesus van Nasaret, Verlosser***. Die nuwe dominee is so geleer by die universiteit.***

Lidmate wat net "wil kerk wees" betaal getrou hulle heffings (sinodale offergawes aan die akademiese god: vrysinnig) en finansier hierdie nuwe teologie van vervlakking en betaal vir die sandbank waarop hul geloofsvaart strand.

Intussen sypel die gif in en deursuur alle vlakke van geloof. Katkisante wat wel die NHKA se kategetiese materiaal deurwerk, word byvoorbeeld geleer om nie die gesag van die Skrif te aanvaar nie. Daar is darem die wat nie vanuit die onkunde na ongeloof gelei word nie, hulle is die gelukkiges wat na een vraestel wat beantwoord is, summier aangeneem word. Hulle word deel van die groep onkundiges wat 'n belydenis aflê wat neerkom op 'n strewe daarna om "net kerk te wees soos ons vertel word." **Die nuwe dominee is so geleer by die universiteit**.

Daar is die spreekwoord wat lui dat die goeie net niks hoef te doen nie, dan sal die bose floreer. Maar wat is niks doen nie, wat is min doen en wat is aktief meewerk? Die voorbeelde is legio, soos die aard van die aanslag. Dit is nie noodigwendig strydlustiges wat deel word van 'n oorlog nie. Die stryd is nou op elkeen se voorstoep. Om nie te wil kant kies nie, en net "kerk te wil wees", is om legio in die skoon huis in te nooi en vir die Een wat klop, terug te stuur.

Sodanige houding maak kerkwees afhanklik van elke individu se verstaan van die woorde; "net kerk wees". Dit is lui, lafhartig of dom om "net kerk wees" as skans aan te bied.

Skietlood beweer: Om net kerk te wees, is om te min te wil wees.